Magie-tyd en goeie kopbeheer lê ‘n ferm grondslag vir alle verdere mylpale

Sonja Basson

Met 'n dankbare hart vir 'n plek soos BabaGim® en iemand soos Dr Melodie de Jager wat 'n passie en 'n droom vir klein mensies het, het my passie vir babas en kinders toenemend die afgelope 4 maande as 'n nuwe BabaGim® Instrukteur gegroei. BabaGim® gee my die geleentheid om deel te wees van Dr Melodie de Jager se droom want ons deel met mammas kennis en vaardighede sodat hul intensioneel kan wees oor hulle kind se ontwikkeling op 'n prettige en bekostigbare wyse; so lê ons ‘n ferm grondslag vir ‘n kind se ontwikkeling.

'n Mamma se hart wil net die beste vir haar kind hê en as 'n BabaGim® Instrukteur is dit 'n voorreg om vanuit ‘n ontwikkelings-oogpunt inspraak in ‘n mamma en haar baba se lewe te lewer. Ek wil graag 'n kort en kragtige suksesstorie uit my klas met julle deel:

Barend Stander het begin met week 1 van BabaGim® 2 toe hy 12 weke oud was. Sy ma Suzette het my oog gevang en uit die manier waarop sy met klein Barend gesels en oogkontak gemaak het, kon jy sien hulle twee is versot op mekaar. Ek weet hoe belangrik oogkontak met jou baba is en wat dit vir sy ontwikkeling beteken en wanneer mamma met hom gesels het, het hy heerlik met geluide terug gekoer.

In week 1 - 3 van BabaGim® bespreek ons die belangrikheid van beweging, magie-tyd en kopbeheer -en ons weet dat die kop alle verdere ontwikkeling en beweging lei. Ons weet ook dat indien kopbeheer nie bemeester word nie is mylpale soos omrol, sit, kruip en loop nie moontlik nie.

Mamma Suzette het elke woord ter harte geneem en is 'n aktiewe BabaGim® Mamma. By week 2 se klas kon Barend heeltemal sy koppie oplig en in die spieëltjie kyk. Hy het ook tydens magie-tyd gesteun, kreun en lag terwyl hy homself in die spieëltjie bekyk; hy wou met alle mag vorentoe beweeg en mens kon sien hoe hy die vrye-speeltyd geniet. Op 15 weke (week 4) van BabaGim® kon Barend al vir 20 - 30 sekondes sy lyfie beheer en ‘kamma sit’ sonder enige hulp van mamma; op 18 weke (3 weke later) kon Barend sonder enige hulp of stut sit en himself regop hou.

Baba Barend se tyd op sy magie het verseker dat hy sommer gou-gou kopbeheer bemeester en kyk net hoe mooi het die verdere ontwikkeling daarop gevolg! Dit was wonderlik om te sien hoe mamma en baba altwee BabaGim® geniet het en hoe dit wat hul in die klas geleer het, steeds voortleef.